# VILLIES NASORGSENTRUM

AANSOEKVORM – 2026

PERSOONLIKE INLIGTING

VILLIES NASORGSENTRUM IS SLEGS OOP TOT 17:30 (HALF SES)

| Name en Van | Noemnaam | I.D. Nommer | Graad (2026) |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |

| Ouers / Voogde (Verwantskap van Leerder) | Vader / Voog | Moeder / Voog |
|---|---|---|
| Voorletters en Van | | |
| Huwelikstatus | | |
| Beroep (Voltyds / Deeltyds) | | |
| Straatadres | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Posadres | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Telefoonnommer | | |
| | (H) | (H) |
| | (W) | (W) |
| | (Sel) | (Sel) |

| KONTAKPERSOON (IN NOODSITUASIES) | |
|---|---|
| Naam en Van | |
| Telefoonnommer | |

| GESONDHEIDSTOESTAND / MEDIESE GESKIEDENIS | |
|---|---|
| Allergieë | |
| Kroniese siekte | |
| Mediese Skema: | |
| Mediese Skema Nommer: | |
| Huisdokter: Voorletters en Van | |
| Huisdokter: Telefoonnommer | |

| AKTIWITEITE WAARAAN LEERDER(S) GEDURENDE NASKOOL MAG DEELNEEM | |
|---|---|
| LEERDER(S) NAAM | AKTIWITEIT |
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |
| | |
| TYD WAAROP LEERDER(S) AFGEHAAL SAL WORD : | |
| ENIGE ANDER INLIGTING VAN BELANG (bv. WIE MAG DIE LEERDER KOM AFHAAL OF NIE) | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Ek, die ondertekende, aanvaar ondervermelde voorwaardes en verbind my tot die nakoming daarvan en bevestig dat die bogenoemde leerder/s geheel en al op my eie risiko die naskool bywoon en dat nie ek of die leerder enige eise sal instel teen die Beheerliggaam, Villies Naskool of sy personeel nie (binne die raamwerk van die redelikheids-beginsel.) Verder onderneem ek, die ondergetekende, om gelde stiptelik te betaal voor of op die **7de van** elke maand.

**Let wel: Geen reëlings vir uitstel of afbetaling van naskoolgeld kan getref word nie.** Naskoolgelde beloop **R750.00** per leerder per maand oor 11 maande en is verpligtend vir alle ouers. Volgens hierdie ooreenkoms, tussen die ouer en die Beheerliggaam van Laerskool Villieria, sal daar teen ouers opgetree word wie se rekening **langer as 2 maande agterstallig** is. Die kostes wat aangegaan word vir die invordering van die naskoolgelde sal vir die ouers se rekening wees.

Vakansiefooi beloop die bedrag van R100 per leerder, per week. **Hierdie geld moet vooraf kontant saam met die skeurstrokie wat elke vakansie verskaf sal word, by die skoolkantoor inbetaal en nie by die naskool personeel nie**. Ingeskrewe leerders van Laerskool Villieria wat per dag die naskool wil bywoon moet R50 per dag betaal.

Leerders is ook by die naskool onderhewig aan die toelatingsvereistes / gedragskodes soos vervat in die vereistes van Laerskool Villieria.

Ouers word ook versoek om 30 (dertig dae) skriftelik kennis te gee indien die leerder/s nie meer die naskool gaan bywoon nie.

______________________________ ______________________________

OUER/VOOG NAAM EN VAN OUER/VOOG HANDTEKENING

DATUM: ________________________

Sien aangeheg naskool inligting en ooreenkomsvorm.

Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186

**<u>LAERSKOOL VILLIERIA NASKOOLSENTRUM INLIGTING EN OOREENKOMS</u>**

**<u>Die naskoolsentrum bied:</u>**

- Naskoolsentrum is vir leerders vanaf graad R tot graad 7.
- Volwasse toesig.
- Ete elke middag direk na skool.
- Geleentheid vir leerders om aan buitemuurse aktiwiteite van die skool deel te neem.
- Toesig tydens studietyd in die klaskamers.
- Genoegsame tyd vir vrye spel.
- Vakansie-naskool

**<u>Bedryfstye:</u>**

- Die naskoolsentrum is op alle skooldae oop vanaf 13:00 – 17:30. *(Stiptelik)*
- Die naskoolsentrum is gedurende skoolvakansies oop vanaf 6:30 – 17:30. *(Stiptelik)*
  *(Desember-/Januarie vakansies is die naskool gesluit).*

**<u>Kostes en betaling:</u>**

Alle naskoolfooie is betaalbaar by die skool se finansiële kantoor per kaart of kontant. U kan ook per EFT betaal direk in die skool se bankrekening.
Geen kontant word vir 'n personeellid gegee nie en geen betalings by die naskoolkantoor nie.

- <u>Ingeskrewe naskoolleerders</u>
  - R750 per maand, per kind. *(11 Maande)*
  - Alle fooie is streng vooruit betaalbaar voor of op die 7de van elke maand.
  - Gebruik u famieliekode en die woord "naskool" as verwysing vir EFT-betalings.
  - `n Geen-betaal-geen-diens beginsel word gevolg.
- <u>Laerskool Villieria leerders nie ingeskryf by die naskool</u>
  - Indien 'n leerder wat nie ingeskryf is by die naskoolsentrum nie, 'n dag se toesig nodig het by die naskool, kan daar vooraf gereël word vir so 'n leerder.
  - Dagfooi – R50 per dag, per kind.
- <u>Vakansie-naskool</u>
  - Die naskoolsentrum is elke skoolvakansie oop, behalwe Desember-/Januarie vakansies.
  - Vakansie-naskool is beskikbaar vir ingeskrewe naskoolleerders, asook nie-ingeskrewe leerders van Laerskool Villieria. *(Ingeskrewe naskoolleerders kry voorkeur wat spasie aanbetref). Let wel: Geen kinders van ander skole word toegelaat nie.*
  - Die vakansie-naskoolbrief wat voor elke skoolvakansie uitgedeel word aan die naskoolouers/voogde, moet voor die afsnydatum aan die naskoolpersoneel terugbesorg word.
  - Fooie vir die bywoon van vakansie-naskool moet ook voor of op die gegewe afsnydatum betaal wees.
  - Fooie vir ingeskrewe leerders en nie-ingeskrewe leerders van Laerskool Villieria vir bywoon van die vakansie-naskool – R100 per week, per leerder *of*,
    – R 50 per dag, per leerder.

**<u>Dissipline:</u>**

- Die naskoolpersoneel monitor die gedrag van alle leerders. Indien 'n kind hom/haar skuldig maak aan swak gedrag, sal die naskoolhoof of skoolhoof u as ouer/voog kontak. Indien die kind se gedrag nie verbeter nie, sal die kind sy/haar plek in die naskoolsentrum verbeur.
- Die skool se Gedragskode vir leerders bly steeds van toepassing vir naskoolleerders op die skoolterrein.

**Kennisgewingstydperk:**

- Wanneer u kind nie meer die naskoolsentrum gaan bywoon nie, moet u as ouer/voog een kalendermaand kennis gee. Stuur 'n e-pos na naskool@laerskoolvillieria.co.za

**Veiligheid:**

- `n Daaglikse register waar leerders teenwoordig/afwesig gemerk word.
- 'n Daaglkse register waar 'n ouer/voog die leerder self moet uit teken wanneer hy/sy afgehaal word.
- Leerders word by die hekkie in 30ste Laan deur hulle ouers afgehaal.
- Slegs ouers/voogde mag die leerders by die naskool afhaal. *(Indien iemand anders die leerders kom afhaal, moet die naskoolpersoneel skriftelik in kennis gestel word deur die ouer/voog).*
- Wanneer 'n spesifieke persoon nie 'n leerder mag afhaal nie, moet dit op skrif aan die naskoolpersoneel gegee word.
- 'n Leerder mag slegs huis toe loop nadat skriftelike toestemming deur die ouer/voog verleen is.
- Afwesigheid van 'n leerder moet aan die naskoolsentrum deurgegee word.
- Leerders wat aan buitemuurse aktiwiteite van die skool deelneem na skool, word oorbaan geneem na hul aktiwiteite deur die naskoolpersoneel en weer teruggebring na die naskoolterrein.
  *('n Brief vir kennisname aan die naskoolpersoneel vanaf die ouer/voog wat die volgende inligting bevat: Leerder naam, van en graad, watter aktiwiteit, dae en tye wat u kind deelneem).*
  *Neem kennis dat leerders wat na skool aan privaat aktiwiteite deelneem, nie deur die naskoolpersoneel oorbaan of na ander plekke geneem word nie. Ouers/Voogde is self verantwoordelik om kinders wat aan privaat aktiwiteite deelneem, by hul bestemming te besorg.*

**Studietyd (Graad 1 – 7):**

- Verpligte studietyd Maandae tot Donderdae (15:00 – 16:00).
- Vrydae sal daar geen studietyd wees nie.
- Tydens studietyd sal aandag en hulp aan leerders verleen word.
  *(Dit is egter nie die naskoolpersoneel se plig om huiswerk te kontroleer nie. U as ouer/voog bly verantwoordelik om te kontroleer dat alle huiswerk gedoen en korrek is).*
- Elke leerder is verantwoordelik vir sy/haar eie skryfbehoeftes.
- Graad 1- tot graad 3-leerders moet daagliks 'n swart hardebandboek (A4) saambring om hul huiswerk in te oefen. *(Ouers/Voogde moet dan self die huiswerk kontroleer om in sy/haar huiswerkboek reg te doen).*
- Geen graad R-leerder doen huiswerk by die naskool nie.

**Ander:**

- Alle klere en items moet duidelik gemerk word. Maak u kind atend dat hul klere en items in hul sakke gebère moet word sodat dit nie verlore raak nie. *(Die naskoolpersoneel neem geen verantwoordelikheid vir verlore klere en items nie).*
- Geen selfone word by die naskool toegelaat nie. Skakel die naskool by 071 511 6464 indien 'n dringende boodskap aan 'n kind gelewer moet word. *(Moet asseblief nie onnodig skakel as dit nie 'n noodgeval is nie, stuur eerder `n boodskap, aangesien dit steurend is vir die leerders wat met huiswerk besig is).*
- Omgeruimdhede of klagtes moet skriftelik geadresseer word aan Die Naskoolhoof by naskool@laerskoolvillieria.co.za
- Let wel: Daar is jaarliks beperkte spasie vir aansoeke by die naskoolsentrum.

Villiesgroete



**A.J. GROBLER**
**HOOF**

✂==========================================================

**SKEURSTROKIE: LAERSKOOL VILLIERIA NASKOOLSENTRUM INLIGTING EN OOREENKOMS**

Ek/Ons, ____________________________________ ouers/voogde van _____________________________ neem kennis van die naskool inligting en ooreenkoms. Ek/Ons verbind my/ons daartoe om te hou by bogenoemde naskool inligting en ooreenkoms.

| | |
|---|---|
| ________________ | ________________ |
| **HANDTEKENING** | **HANDTEKENING** |
| **VADER/VOOG** | **MOEDER/VOOG** |